
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2025

# BESIGHEIDSTUDIES V1

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

*JBUSTA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoord op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE:Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwooord op ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – NUWE bladsy, VRAAG 2 – NUWE bladsy.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 1.1.6 D.

1.1.1 Die Sektorale Onderwys-en-Opleidingsowerheid (SOOO) is gestig om …

A werknemers op te lei.
B 2% van hulle inkomste tot die SAID by te dra.
C akkreditasie vir vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerders te verskaf.
D diskriminasie in die werkplek uit te skakel.

1.1.2 Hierdie Wet beskerm werkgewers teen ŉ finansiële las indien werknemers in ŉ ongeluk by die werkplek betrokke sou wees:

A Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)
B Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997)
C Wet op Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003)
D Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)

1.1.3 Zama Handelaars het van hul bates verkoop om hul kontantvloei te verbeter. Hierdie besigheidstrategie staan as ... bekend.

A vervreemding
B aflegging
C likwidasie
D diversifikasie

1.1.4 Die rol van die onderhoudvoerder voor die onderhoud is om …

A die dienskontrak te teken.
B die posspesifikasie en posbeskrywing te ken.
C nuuskierig te wees en belangstelling te toon.
D ŉ kernstel vrae te ontwikkel.

1.1.5 Muzi Ondernemings implementeer ŉ verandering op ŉ wyer skaal om prosesse en stelsels te verbeter. Hierna word as … verwys, ŉ element van BDKH.

A beplan
B handel
C doen
D kontroleer

(5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| versekering; Nasionale Kredietreguleerder; administrasie; voorwaartse vertikale; werwing; skuldberader; horisontale; sifting; beheer; bemarking |

1.2.1 Die ... hou toesig oor die nakoming van die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005).

1.2.2 Thetha Mobile het die … integrasiestrategie geïmplementeer toe hulle Vusi Telekommunikasie gekoop het.

1.2.3 Kandidate se aansoekvorms word gekontroleer teen die vereistes van die pos tydens die … proses.

1.2.4 Die …-funksie verseker dat akkurate inligting aan die bestuur beskikbaar is, vir besluitneming.

1.2.5 Khwezi Bpk. gebruik kwaliteit-… om hul finale produkte te inspekteer om te verseker dat dit aan die vereiste standaard voldoen.

(5 x 2) (10)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging | A besighede fokus daarop om hulle bestaande produkte in nuwe markte te verkoop |
| 1.3.2 Markpenetrasie | B is ŉ nie-verpligte voordeel wat korttermyn finansiële bystand aan werknemers bied |
| 1.3.3 SSGB-ontleding | |
| 1.3.4 Werkloosheids-versekeringsfonds | C vermoë om na hoër klanteretensie te lei |
| 1.3.5 Voldoende finansiering en kapasiteit | D bevoordeel slegs ŉ paar voorheen benadeelde mense |
| | E identifiseer die markomgewingsfaktore |
| | F besighede fokus op die verkoop van bestaande produkte aan bestaande markte teen laer pryse |
| | G is ŉ verpligte voordeel wat korttermyn finansiële bystand aan werknemers bied |
| | H bevoordeel ŉ groter groep voorheen benadeelde mense |
| | I vermoë om die aankoop van gehalte grondstowwe en toerusting te kan bekostig |
| | J identifiseer die interne en eksterne omgewingsfaktore |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige VIER bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997). (4)

2.2 Beskryf kortliks die strategiese bestuursproses. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MUZI BAKKERY (MB)**

Muzi Bakkery verkoop meel-gebaseerde oondgebakte produkte. MB-werknemers het op ŉ onwettige staking gegaan weens onbetaalde oortyd. Muzi Bakkery moet soms vroeër sluit weens diensleweringsbetogings. Roast Bakkery bied soortgelyke produkte teen laer pryse.

2.3.1 Haal DRIE uitdagings vir MB uit die scenario hierbo aan. (3)

2.3.2 Klassifiseer MB se uitdagings volgens die DRIE besigheids-omgewings

Gebruik die tabel hieronder as ŉ RIGLYN om VRAAG 2.3.1 en 2.3.2 te beantwoord.

| UITDAGINGS (2.3.1) | BESIGHEIDSOMGEWINGS (2.3.2) |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |

(3)

2.4 Verduidelik hoe die Sektorale Onderwys-en-Opleidingsowerheid (SOOO) befonds word. (4)

2.5 Bespreek die regte van werkgewers ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (6)

2.6 Gee raad aan besighede oor die stappe wat hulle moet oorweeg wanneer hulle strategieë evalueer. (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUN SOLARS (SS)**

Sun Solars installeer en onderhou alle huishoudelike en industriële sonkragtoerusting. SS kon nie die bedryfslisensie bekom nie weens die hoë koste daaraan verbonde. Besigheidskontrakte kan sakebedrywighede beperk.

2.7.1 Noem die PESTWO-faktor wat ŉ uitdaging vir SS in die scenario hierbo inhou. (2)

2.7.2 Verduidelik maniere waarop SS die uitdagings, geïdentifiseer deur die PESTWO-faktor wat in VRAAG 2.7.1 genoem is, kan hanteer. (4)

2.8 Stel maniere voor waarop besighede aan die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1997 (Wet 61 van 1997) kan voldoen. (4)

**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

3.1 Noem VIER bronne van eksterne werwing. (4)

3.2 Beskryf kortliks die plasingsprosedures as ŉ menslikehulpbron aktiwiteit. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MAKLIKE LENINGS (ML)**

Maklike Lenings is ŉ geregistreerde mikroverleningsonderneming. ML het ŉ vakante pos vir ŉ finansiële bestuurder geadverteer. Die aansoeker moet ŉ BCom-graad hê. Suksesvolle aansoekers moet begrotings kan opstel. ŉ Ten volle inklusiewe vergoedingspakket van R849 702 word aangebied.

3.3.1 Haal TWEE voorbeelde van posbeskrywing uit die scenario hierbo aan. (2)

3.3.2 Bespreek die impak van byvoordele op besighede. (6)

3.4 Verduidelik die implikasies van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) op die menslike hulpbronfunksie. (4)

3.5 Beskryf kortliks die gehalteaanwysers van die openbare betrekkinge-funksie. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| MAVELA TEGNOLOGIEË (MT) |
|---|
| Mavela Tegnologieë is ŉ vervaardiger van ŉ verskeidenheid rekenaarkomponente. Hulle gebruik die dienste van gehaltesirkels om hul kwaliteit van werk te verbeter. MT sal dalk nie die nodige veranderinge kan aanbring om die behoeftes van kliënte te bevredig nie. Mavela Tegnologieë ontwikkel werkstelsels wat werknemers bemagtig om nuwe maniere te vind om kwaliteit te verbeter. |

3.6.1 Haal TWEE maniere waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verminder, uit die scenario hierbo aan. (2)

3.6.2 Verduidelik ander maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder. (4)

3.7 Bespreek die voordele van ŉ goeie gehaltebestuurstelsel. (4)

3.8 Evalueer die impak van deurlopende vaardigheidsontwikkeling/opvoeding en opleiding as ŉ element van totale gehaltebestuur (TGB) op groot besighede. (6)
**[40]**

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

4.1 Noem enige VIER verbruikersregte soos in die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) gestipuleer. (4)

4.2 Beskryf kortliks die voordele van diversifikasiestrategieë. (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| CANDICE SPA (CS) |
|---|
| Candice Spa is ŉ dagmassering- en naelbehandelingsonderneming. CS is baie winsgewend en lok baie nuwe entrepreneurs om hierdie mark te betree. Candice Spa het vaardige werknemers en ŉ sterk kliëntebasis.<br>Yoli's Spa het oorkant die straat geopen en bied dienste teen laer pryse as Candice Spa aan. |

Identifiseer TWEE kragte van Porter se Vyf Kragte-model wat deur CS toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Gebruik die tabel hieronder as ŉ RIGLYN om VRAAG 4.3 te beantwoord.

| PORTER SE VYF KRAGTE MODEL | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

4.4 Bespreek maniere waarop besighede ondernemings- en verskaffersontwikkeling (OVO) as ŉ BBSEB-pilaar in die werkplek kan toepas. (6)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.5 Noem TWEE salarisbepalingsmetodes wat besighede kan gebruik om hulle werknemers te vergoed. (2)

4.6 Identifiseer die elemente van totale gehaltebeheer (TGB) wat van toepassing op Terah Speserye is.

4.6.1 Terah Speserye het hulle gehaltesirkels versoek om voorstelle te maak oor hoe om die kwaliteit/gehalte van hulle produkte te verbeter. (2)

4.6.2 Die bestuur van Terah Speserye versoek altyd hul kopers om ŉ vraelys oor die kwaliteit/gehalte van hul produkte en dienste te voltooi. (2)

4.7 Verduidelik die verskil tussen *gehaltebestuur* en *gehalteprestasie*. (4)

4.8 Bespreek hoe die gehalte van prestasie van die aankoopfunksie tot die sukses van ŉ besigheid kan bydra. (6)

4.9 Gee raad aan besighede oor die impak van totale gehaltebestuur (TGB) indien dit swak geïmplementeer word. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy OF VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die instelling van Diensbillikheid was om die ongeregtighede van apartheid aan te spreek. Die Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998) skep ŉ omgewing waar alle werknemers hul volle potensiaal by die werk verwesenlik. Besighede word verplig om aan die vereistes van die Wet te voldoen of om boetes vir nie-nakoming in die gesig te staar.

Skryf ŉ opstel oor die Wet op Gelyke Indiensneming waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die doel van die Wet op Gelyke Indiensneming.
- Verduidelik die impak van hierdie Wet op besighede.
- Bespreek die gevolge/strawwe wat hulle in die gesig staar as hulle nie aan die WGI voldoen nie.
- Stel praktiese maniere voor waarop besighede aan hierdie Wet kan voldoen. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKEHULPBRON-FUNKSIE)

Besighede stel bepalings en voorwaardes met hul werknemers op soos aangedui in die dienskontrak. Die menslikehulpbronbestuurder ontwikkel werwings- en induksieprogramme vir die onderneming. Werkgewer en werknemers moet bewus wees van die redes vir die beëindiging van ŉ dienskontrak.

Hou die stelling hierbo in gedagte en skryf ŉ opstel oor die volgende aspekte:

- Beskryf kortliks die wetlike vereistes van ŉ dienskontrak.
- Verduidelik die werwingsprosedure as ŉ menslikehulpbronaktiwiteit.
- Bespreek die voordele van induksie vir besighede.
- Maak voorstelle oor die redes vir die beëindiging van ŉ dienskontrak. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African